SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SI08) TYD EN PRESISSIE 1 (NRA UK EVENT 0701-25)

0701: GRSB; 0721: LRP Enige Visier; 0702: GRCF; 0722: LBR Enige Visier; 0703: GRCF Oop Visier;
0724: LRP Yster Visier; 0704: GRCF Klassiek; 0725: LBR Yster Visier

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die tabel bied aan Sportskuts met handwapens 'n uitdagende skietoefening wat bestaan uit 'n kombinasie van spoed en presisie skiet. Handterings vaardigheid word ook getoets in die oefeninge. Die Tabel bestaan uit 30 skote wat in 3 oefeninge verdeel word.

2) Aftand

10m, 15m, 25m

3) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4) Vuurwapentipe

Enige Senterslag rewolwer of pistool.
Enige Randslag Semi Outomatiese geweer of Senterslag Hefboom geweer aksies in pistool kalibers.
(Byvoorbeeld: .38 Special of .44 Mag)

5) Herlaai

Na die aanvanklike opdrag om te laai, moet alle verdere herlaai aksies plaasvind met ammunisie vanuit die deelnemer se sak, ammunisie-gordel, meganiese herlaaiers,ekstra magasyne, spesiale sak of elders aan die deelnemer as person Dit is deelnemers se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle genoeg ammunisie vir elke oefening of kompetisie het.

6) Visiere of teleskope -

Oop / Optiese visiere

7) Geweer bande

Nie toelaatbaar nie.

8) Oefening

SI08-A TP1 Senterslag Hefboom Aksie
SI08-B TP1 Randslag Semi Outomaties
SI08-C TP1 Senterslag Pistool
SI08-D TP1 Senterslag Rewolwer

Skuts word op skietpunt versoek om hulle wapens uit te pak en veilig te verklaar. Die volgende oefeninge vind plaas vanaf die 45 grade posisie, staande met geen ondersteuning. Hierdie oefening duur ongeveer 30 minute om te voltooi. Dit vereis 30 rondes. Die maksimum moontlike telling is 300

Oefening 1 25 meter, 12 skote [6, herlaai 6] in 2 minute [Sluit 'n herlaai in]

Oefening 2 15 meter, 12 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 6 rondtes
1 Skoot, moet binne 2 sekondes gevuur word met tussenposes van 5 sekondes
Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)

Die fase word x6 keer herhaal

Fase 2: Laai en maak gereed met 6 rondtes
1 Skoot, moet binne 2 sekondes gevuur word met tussenposes van 5 sekondes
Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)

Die fase word x6 keer herhaal

Oefening 3 10 meter, 6 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 6 rondtes
2 Skoot, moet binne 3 sekondes gevuur word met tussenposes van 5 sekondes

Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)
Die fase word x3 keer herhaal

9) <u>Gelykop Tellings</u>

Indien daar gelykoptellings is sal die volgende reëls van krag wees:

- **a.** Die hoogste getal "X" in die uitslag;
- **b.** Met die hoogste getal "X" vanaf die vêrste afstand
- **c.** Met die minste aantal skote met laagste waarde in die rondte

10) <u>Erkenning</u>

60% Brons 180+, 70% Silwer 210+, 80% Goud 240+ Die maksimum telling wat behaal kan word, is **300**

11) <u>Teiken</u>

SI08-A, SI08-C asook SI08-D = 1 x S09
SI08-B = 1 x S10

S09 (VOL GROOTTE)

S10 (HALF GROOTTE)